'n Boom geplant vir elke Comrades-atleet

■ DRIES LIEBENBERG

VERULAM. – Teen oormôre, wanneer byna 13 000 hardlopers gereed maak om in die Comrades-ultramarathon weg te spring, gaan daar hier, aan die buitewyke van die Durbanse metropool, 'n vars geplante boom vir elk van die deelnemers staan.

Dié bome en plante is 'n reuse-stap in die eerste fase van die daarstelling van die eerste koolstofput in Suid-Afrika deur 'n plaaslike owerheid.

Dié bydrae deur die Bonitas-siekefonds en Wildlands Conservation Trust, onderskeidelik 'n borg en 'n begunstigde van die Comrades-vereniging, verteenwoordig 21% van die eerste fase van die eThekwini-metro se projek by die Buffelsdraai-stortingsterrein.

Naas Wildlands se 13 000 bome en plante wat in die volgende drie dae in die buffersone rondom die stortingsterrein aangeplant word, beoog die metro om 'n verdere 62 500 plante op 160 ha teen 'n koste van R2,5 miljoen aan te pak. Wildlands lewer dus 'n 21%-bydrae tot die eerste fase van die projek.

Die einddoel is om binne vyf jaar 580 ha van die 800 ha-buffersone, wat tans suikerrietplantasie is, in 'n inheemse woud om te skep soos dit 80 jaar gelede was, het me. Nicci Diederichs, koördineerder van die Greening Durban 2010-projek, gesê.

GROEN Comrades . . . Farwa Mentoor, een van die Comrades se topatlete, plant gister 'n boom saam met dr. Andrew Venter van die Wildlands Conservation Trust buite Verulam waar 'n inheemse woud herskep gaan word om as koolstofput te dien. FOTO: DRIES LIEBENBERG

Dié projek het ten doel om die Wêreldbeker-sokkertoernooi op só 'n manier aan te bied en teenwigte in te bou dat die omgewing nie slegter daaraan toe gaan wees nie wat koolstofvrystelling en aardverhitting betref.

'n Koolstofput – plante wat die aardverhittingsgas koolstofdioksied opneem – is meer as net bome langs die pad, het dr. Andrew Venter, uitvoerende hoofamptenaar van Wildlands, gesê.

Volgens standaarde van die Verenigde Nasies mag 'n koolstofput net geskep word waar daar voorheen 'n woud was, net bome aangeplant word wat voorheen daar voorgekom het en mense nie verskuif word om vir bome plek te maak nie. Daarby moet die projek maatskaplike voordele inhou.

Die projek sal vir minstens die volgende 20 jaar werk aan arm gemeenskappe van Verulam verskaf deur die aanplanting en onderhoud van die woud. Mense sal ook plantmateriaal daar kan oes vir tradisionele medisyne.

Die sade vir die bome wat aangeplant word, is binne 50 km van die stortingsterrein versamel om die genetiese eienskappe van plantspesies te behou. Naas bome word ander plante soos strelitzias en wilde piesangs ook aangeplant wat voëllewe en skoenlappers sal lok, het Venter gesê.

Die 13 000 bome wat hulle geskenk het, is ingevolge Wildlands se Indigenous Trees for Life-projek gekweek.

Daarvolgens kan die "boom-preneurs" hul saailinge vir kruiwaens, fietse, skoolklere of selfs universiteitsgeld vir hul kinders inruil.